



Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 339
Piketberg
7320



Telefoon: 022 - 913 2391
Vonkpos: vvr@xsinet.co.za
Faks: 022 - 913 1482

Geagte Volksgenoot

Tydens die Volksvergadering van die Geloftevolk te Vegkop, September 2009, is verskeie sake aan die GKK opgedra. U word versoek om kennis te neem van die volgende en om asseblief u deelname te verleen. Al die besluite is verkrygbaar by bostaande adres asook by www.volksvergadering.co.za

Volkskommunikasie

In die nastrewing van Volksvryheid is dit noodsaaklik dat volksgenote onbelemmerd gesprek moet kan voer en aktuele inligting moet kan bekom. Tans is daar weinig openbare media wat die vryheidspad saam met die Geloftevolk wil stap. Die internet vul daardie leemte en maak dit moontlik dat ons direk met mekaar kan kommunikeer.

Maak asseblief u bydrae deur u e-pos adres, asook dié van mede volksgenote te voeg by die Volksdata:

<http://www.volksvergadering.co.za>

Klik op “Komitee”

Klik op “Versoek om inligting te ontvang” Vul inligting in;

Klik op “Stuur versoek”.

U kan ook u telefoon en/of selfoon nommer, asook u posadres stuur aan Phillip Groenenstein by 083 334 1547 of vrkomitee@gmail.com

Volksvergadering 2010

Die volgende Volksvergadering van die Geloftevolk sal DV plaasvind gedurende 8 – 10 Oktober 2010 te Nampo Park naby Bothaville – GPS S 27°13'936" O 26°39'958".

Voorstelle, of versoeke tot ‘n spreekbeurt kan aan Frikkie Strauss gestuur word by vvr@xsinet.co.za vóór 1 Augustus 2010. Die program en sakelys sal later bekend gemaak word.

Bybelse Beginsels

Die Geloftevolk se begeerte is om in 'n toekomstige Volks-huishouding ons Hemelse Vader ter getuienis van Sy onuitspreeklike Grootheid, Almag en Genade te eer en te dien.

'n Komitee is getaak om die funksionering van 'n Teokratiese Volkshuishouding te ondersoek en by 'n volgende Volksvergadering ter tafel te lê. Indien u enige bydrae in hierdie opsig kan maak kontak asseblief Dr. Jann Schlebusch by 051-5750710, of 0729593214 of epos: jann.schlebusch@gmail.com

Volksverootmoediging

Ter uitvoering van die opdrag van die Volksvergadering dat die Volk tot verootmoediging begelei moet word, is die GKK ook berokke by 'n Onafhanklike Reëlingskomitee wat intussen saamgestel is uit bekende volksaksies wat verootmoediging nastreef. Daar word 'n beroep gedoen op volksgenote om mee te doen aan 'n gebedsaksie om daaglik om 05h00 spesiaal te bid dat ons as volk tot verootmoediging sal kom.

Gesamentlike geleenthede ter verootmoediging word beplan vir 10 Oktober en 16 Desember 2010. Elke gesin word versoek om die volksgeloftes opnuut ter harte te neem, en die gesinsaltaar in stand te hou deur die volgende opdrag te gehoorsaam:

Deut.6:6-7 “En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.”

Vir verdere besonderhede kontak die sekretaris Pieter Bothma by 083 542 9993, phb@joba.co.za of besoek www.bidsaam.co.za

Befondsing

Die vrywordingsproses verg aansienlike finansiële insette. Bydraes sal opreg waardeur word. Verskaf asseblief u kontakbesonderhede sodat dank aan u betuig kan word.

Bankbesonderhede is soos volg:

Naam van rekening: Geloftevolk Koördinerings Komitee;

Absa Bank; Tak: Vanderbijlpark; Takkode: 632005;

Spaarrekening nommer: 92 3938 7030.

Skakel Gerhard Smith by 082 952 9228 of jjgsmith@mweb.co.za

Groete

Dr. Ronnie van der Merwe; Voorsitter GKK, cvofraser02@telkomsa.net